# Hoofstuk1 Inleiding

## 1.1 Inleiding en Oriëntering

Die aktualiteit van begrotings as finansiële bestuurinstrumente in openbare skole word beklemtoon deur koerantopskrifte soos *Sukkel skool skuld R196 000 vir elektrisiteit* (Fourie, 2007) en *Skole platsak oor skoolgeldverbod* (Rangongo, 2001), *The worst headmaster in the country* en *School fees wrangle in court* (Macfarlane, 2005). Sulke berigte dui daarop dat beter finansiële bestuur en beheer noodsaaklik vir enige skool is en dat die nodige maatreëls ingestel moet word sodat beter finansiële bestuur en beheer uitgeoefen kan word om die begroting te laat klop en sodoende effektiewe onderrig en leer te verseker.

Die bestuur van die skool se finansies bied volgens Clarke (2007:278) een van die grootste uitdagings vir die skoolhoof omdat dit `n terrein is waarin baie skoolhoofde min of geen opleiding gehad het nie en soms totaal onkundig oor is. Kruger stem ook saam dat skole beter finansiële bestuur benodig (Kruger, 2008:234). In die huidige strewe na demokrasie is daar ‘n neiging om weg te beweeg van die afhanklike openbare skool na `n skool wat bestuurmagtig onafhanklik van een of ander owerheid funksioneer. Sulke skole word selfbesturende skole genoem.

Volgens Colditz (2005:1) heers daar oënskynlik groot onsekerheid in sommige kringe oor presies wat die rol en veral die status van 'n skoolhoof in die skoolbeheerliggaam van 'n openbare skool is en veral wat die onderskeie funksionele terreine waarop die skoolhoof hom of haar op 'n gegewe tydstip bevind, impliseer. Dit behels dat daar aan die skoolhoof en skoolbeheerliggaam van openbare skole sekere pligte rakende finansies en menslike hulpbronne gedevoleer is om hulself binne `n wetlike raamwerk te bestuur met die instemming van `n bepaalde onderwysdepartement.

Vanuit ‘n finansiële oogpunt is die belangrikste bestuurimplikasie van hierdie beweging na selfbestuur dat die skoolbestuur en beheerligaam groter bestuuroutonomie verkry (Kruger, 2008:234). Die selfbestuur van skole en die bykomende finansiële las van onderwysers in skoolbeheerliggaamposte in artikel 21-skole het die behoefte by skoolleiers laat ontstaan om opgelei te word om die skool se finansies doeltreffend en verantwoordelik te bestuur. Die onderwysstelsel het sedert 1994 drastiese veranderinge ondergaan en van die huidige voorbeelde hiervan is die toegang tot skole vir arm leerlinge wat nie skoolgeld kan bekostig nie (Van Rooyen, 2008:2). Voor 1994 is daar baie min skoolgeld gehef aangesien die Staat amper alles voorsien het, alhoewel nie op ‘n gelyke basis aan alle rassegroepe nie.

Sedert 1994 word daar ‘n groter bydrae deur die Staat aan minder gegoede skole gegee. Die skole word deur die Onderwysdepartement in kwintiele ingedeel. Die faktore onderliggend aan ‘n kwintielklassifikasie is die gewigwaarde van die armoede-indeks vir die omgewing waarin die skool geleë is en die departementele oudit van skoolgeboue en die skool se infrastruktuur. Die skole word gelys van die armste tot die welvarendste skole, waar kwintiel 5 die welvarendste skole insluit, en kwintiel 1 die armste tipe skool. Die kwintielstelsel word geïmplementeer sodat arm leerders beter geleenthede kan kry om onderrig en leer te bevorder. Daar het by die regering `n groot behoefte ontstaan vir die heraanwending van fondse aan skole, en om die onreg van die verlede reg te stel is die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing ingestel. Die toewysing van fondse geskied ten gunste van arm skole en die beleid bepaal dat 60% van die beskikbare fondse aan die 40% armste skole versprei moet word. Die enigste duidelike reël vir die verdeling van die beskikbare fondse deur die Staat is dat op grond van die kwintielklasifikasie die kwintiel 5-skole se verdeling sewe maal kleiner moet wees as dié van kwintiel 1-skole (Wildeman, 2008:3).

Hiervolgens ontvang kwintiel 1-skole ‘n baie groter finansiële bydrae vanaf die Staat as kwintiel 5-skole soos bepaal deur die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing in artikel 35 van die Suid-Afrikaanse Skolewet nr. 84 van 1996. (Republiek van Suid Afrika. 2009. Nasionale norme en standaarde van skoolbefondsing). Hierna word na die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing in artikel 35 verwys as die Norme en Standaarde en na die Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996 as die Skolewet.

Een van die grootste probleme van die stelsel is die kwessie van finansiële aanspreeklikheid in die onderwys. Artikel 21 openbare skole het tans `n begrotingomvang soortgelyk aan dié van `n klein sakeonderneming en daarom moet die skool se finansies soos dié van `n sakeonderneming bestuur en beheer word.

Die finansiële bestuur van skole in terme van artikel 16(1) van die Skolewet setel in die skool se beheerliggaam. In die meeste skole word die dag tot dag funksionering van die skool se finansies aan die skoolhoof gedelegeer. Alhoewel die skoolhoof sekere gedelegeerde bevoegdhede verkry, bly die skool se beheerliggaam verantwoordelik vir die finansies van die betrokke skool. Die skoolhoof is aanspreeklik teenoor die skoolbeheerliggaam vir sy/haar hantering van die gedelegeerde magte. Daar is nie baie literatuur wat die bestuur van skoolfinansies aanspreek nie en min leiding word deur die Department van Onderwys gegee om skoolleiers met die hantering daarvan te ondersteun.

Die gebrek aan finansiële opleiding van skoolhoofde en die ekstra belading ten opsigte van finansiële bestuur bemoeilik die taak om die skool doeltreffend te bestuur. Dit lei selfs tot finansiële stres onder skoolhoofde as gevolg van die ekstra finansiële belading. Volgens Du Plessis (2002:3) word die skoolhoof gekonfronteer met toenemende finansiële verantwoordelikhede. As in gedagte gehou word dat baie skole se begrotings miljoene rande beloop, kan die belangrikheid van doeltreffende finansiële beplanning en die nodige kontrole nie gering geskat word nie.

Tans word daar gepoog om hoofde in die bestuur van skole op te lei deur die Gevorderde Diploma in Onderwys ingestel deur onderwysdepartemente in samewerking met universiteite; hierdie kwalifikasie spreek onder meer finansiële bestuurvaardighede aan. Aangesien finansiële verantwoordbaarheid `n groter-wordende rol speel en meer eise aan die skoolbestuur stel, identifiseer sommige skole finansiële bestuur as `n leemte en stel hulle vir dié doel kundige persone aan wat verantwoordelik is vir die finansies van die skool en sodoende die skoolhoof se taak verlig.

Hierbo is verwys na die feit dat daar vanaf 1994 ingrypende veranderinge in skole in Suid-Afrika plaasgevind het; een daarvan is die implementering van die Skolewet wat bepaalde riglyne rakende die bestuur en beheer van skole neerlê. Die Skolewet verwys egter slegs na enkele finansiële aspekte, soos byvoorbeeld artikel 38 (jaarlikse begroting), artikel 39 (skoolgeld) en artikel 36 (veranwoordelikheid van die skoolbeheerliggaam). Praktyke soos onder andere die stap-vir-stap saamstel van ‘n skoolbegroting word egter nie voorgeskryf nie. Daar is min provinsies waar die provinsiale onderwysdepartemente handleidings beskikbaar stel vir die beheer en bedryf van finansies in skole. Sedert die implementering van die Skolewet het begrotings ŉ essensiële element van skoolbestuur geword. Die Skolewet is ŉ goeie voorbeeld van nasionale wetgewing wat tot ŉ eenvormige skoolstelsel lei (Prinsloo, 2006:1).

Alhoewel sekere finansiële magte aan die skoolhoof gedelegeer word, bly die skoolhoof aan die skoolbeheerliggaam verantwoordelik vir die gedelegeerde magte. Die skoolbeheerliggaam en nie die skoolhoof nie is die rekenpligtige beampte van die skool.

Vervolgens word daar aandag gegee aan die rasionaal vir die studie, die navorsingprobleem en die doelstellings van die studie. `n Volledige begripverklaring van die sleutelbegrippe wat in hierdie studie gebruik word, word ook gegee.

## 1.2 Rasionaal vir die studie

Soos reeds in die inleiding bespreek is, het die Skolewet `n ingrypende verandering in die bestuur van skole teweeggebring. Nuwe beleid het veroorsaak dat alle rolspelers in die skoolgemeenskap moet saamwerk om die gemeenskaplike doelwit, t.w. onderrig en leer te bevorder.

As adjunkhoof is die navorser reeds vir die afgelope 17 jaar verantwoordelik vir die bestuur van finansies by die betrokke skool waar hy aangestel is. Vanuit my ervaring het ek `n groot leemte in die hantering van finansies in skole geïdentifiseer. Aangesien baie persone nie opgelei is om die regte finansiële besluite te neem nie, kan dit tot operasionele risiko's lei. Dit kan die onderrigproses in skole benadeel wanneer verkeerde finansiële besluite uit onkunde geneem word en die skool se bates en noodsaaklike onderwysmedia nie aangekoop of herstel kan word nie omdat daar nie fondse beskikbaar is nie en dit veroorsaak dat die skool se hooftaak, naamlik om onderwys te gee, skade ly.

Soos hierbo vermeld, het die finansiële posisie van skole drasties sedert 1994 se demokratiese verkiesing verander. Gevolglik het daar 'n behoefte by skoolleiers ontstaan om finansieel opgelei te word om die skool se finansies doeltreffend en verantwoordelik te bestuur. Die bykomende onderwysers wat deur die skoolbeheerliggaam in diens geneem en vergoed word, is `n sprekende voorbeeld van `n ekstra belading op die bestuur van skoolfinansies. Een van die probleme van die stelsel is die kwessie van finansiële aanspreeklikheid in die onderwys. Volgens die hofsaak van Schoombee and others v MEC for Education, Mpumalanga and another 2002 (4) SA 877 (T) (hierna verwys as die Schoombeesaak) is departementele amptenare ook onseker oor wie finansieel aanspreeklik is. In die Schoombeesaak het die regter uitgewys dat die skoolbeheerliggaam die rekenpligtige instansie van die skool is en nie die skoolhoof nie. Sedert die implementering van die Skolewet het die begroting 'n essensiële element van skoolbestuur geword.

Die effektiewe bestuur en kontrole van skoolfinansies in openbare skole is aktueel soos die koerantopskrifte in die inleiding tot hierdie navorsing bewys. Die finansiële begroting van skole wissel tans van R1,625 miljoen in die Noord−Kaap tot net meer as R5 miljoen in Gauteng, met ʼn gemiddeld van R2,3 miljoen (FEDSAS, 2009:22).

Die verskynsel dat skole self verantwoordelik is vir finansiële bestuur soos dit in Suid−Afrika toegepas word, is nie uniek aan Suid-Afrika nie; dit is ook in ander lande van toepassing, byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk. Volgens King en O'Sullivan (2002:291) het die beheerstruktuur van onderwys vroeër in die Verenigde Koninkryk hoofsaaklik op nasionale vlak gesetel; die afgelope paar jaar glo kritici van openbare onderwys dat hierdie mate van desentralisasie die primêre oorsaak van die stelsel se oneffektiwiteit is.

Dit is dus duidelik dat finansiële bestuur (par 1.3.8) meer aandag behoort te geniet ten einde finansiële beheer en kontrole in `n openbare skool toe te pas. Begrotingbeheer is noodsaaklik vir gesonde finansiële bestuur sodat fondse binne die skool reg bestuur en aangewend word. Die begroting stel maatreëls daar vir die toewysing van fondse en toon die beoogde uitgawes van die betrokke jaar.

Finansiële verantwoordbaarheid, dit wil sê die plig tot verslaggewing en rekenskap gee van hoe die skool se fondse aangewend is ten einde die visie en missie van die skool te verwesenlik, kom ook ter sprake. Die skoolbeheerliggaam is die verantwoordelike instansie maar baie van sy pligte word aan die skoolhoof gedelegeer.

Die Staat en die gemeenskap is verantwoordelik vir fondse wat die skool benodig en albei die partye het die reg om te weet hoe hierdie fondse aangewend word. Verslaggewing aan albei partye is noodsaaklik sodat almal ingelig is oor die finansiële posisie van die skool om sodoende effektiewe besluite te kan neem tot voordeel van die skool en die gemeenskap wat die skool dien.

Om doeltreffende verslaggewing te verseker, is volledige en akkurate boekhouding en kontrole noodsaaklik om al die partye, naamlik die Staat, skool en gemeenskap se belange te beskerm. Sodra fondse in die skool se bankrekening inbetaal is, is die skool as entiteit aanspreeklik vir hierdie fondse. Die skool is ‘n regspersoon wat aanspreeklik is teenoor die gemeenskap waarbinne dit funksioneer.

In die nuwe onderwysbedeling is die bestuur van skoolfinansies een van die uitdagendste verantwoordelikhede van skoolhoofde (Clarke, 2007:278). Dit is noodsaaklik dat skoolhoofde en skoolbeheerliggame onderwysbestuur in die algemeen en finansiële bestuur in die besonder as geïntegreerd beskou aangesien die een nie sonder die ander kan funksioneer nie. Dit word van `n skoolbestuurspan verwag om kennis van finansiële bestuur te hê om sy taak effektief uit te voer – nie alleenlik vir eie oorlewing nie maar ook tot voordeel van die skool. Volgens King en O’Sullivan (2002:291) probeer regerings regoor die wêreld sterker rekeningkundige raamwerke vir openbare onderwys daar te stel en ook om outonome besluitnemingmagte op skoolvlak te laat realiseer.

Die rasionaal vir die studie is om lig te werp op die begroting as finansiële instrument om sodoende effektiewe onderig en leer in openbare skole te bevorder.

## 1.3 Verklaring van sleutelbegrippe

Vir die doel van hierdie studie word die volgende begrippe soos verklaar, gebruik. Daar is net na `n paar definisies verwys en slegs die essensie van die outeurs se definisies word gegee.

### 1.3.1 Artikel 21-skole

Die volgende definisies van Artikel 21-skole is ter sake:
Artikel 21-skole is openbare skole wat benewens al die verpligte en diskresionêre bevoegdhede wat in terme van artikel 20 van die Skolewet aan alle openbare skole verleen word, ook oor een of meer van die volgende geallokeerde bevoegdhede beskik soos in artikel 21 (1) van die Skolewet uiteengesit is:

- Die instandhouding en verbetering van die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise indien van toepassing.
- Die bepaling van die buitemuurse kurrikulum van die skool en die keuse van vak-opsies ingevolge die provinsiale kurrikulumbeleid.
- Die aankoop van handboeke, opvoedkundige materiaal of toerusting vir die skool.
- Betaling van dienste aan die skool gelewer.

Die term *Artikel 21* het sinoniem geword met selfbestuurde of selfstandige skole (KwaZulu-Natal Onderwysdepartement).
*In democratising education by means of, inter alia, self−governing schools, governing bodies with different levels of discretionary powers regarding the management of school funds have been established. This created a variety of possible levels of self−management in South African Schools* (Van Rooyen & Rossouw, 2007:25).

Skole wat nie artikel 21-skole status het nie, het ook diskresionêre bevoegdhede in terme van finansiële besluitneming. Volgens artikel 20 mag die skool die geboue en gronde deur hulle beset, administreer en beheer, en kan die skoolbeheerliggaam die redelike gebruik van fasiliteite van die skool toestaan vir gemeenskap-, sosiale en skoolfondsinsamelingdoeleindes tot die skool se voordeel.

Vir die doel van hierdie studie word Artikel 21-skole gedefinieer as openbare skole wat self bestuur word en in hulle eie behoeftes voorsien met gedeeltelike finansiële bystand deur die Departement van Onderwys.

## 1.3.2 Begrotings

Weer eens word net na die essensies van die aangehaalde outeurs se definisies verwys:

- Begrotings is die berekening van verwagte inkomste en uitgawes (Odendaal & Gouws, 2005:75).
- \`n Bepaling van inkomstes en uitgawes vir \`n bepaalde tydperk (Kavanagh, 2006:147).
- Die huidige beraming, in monetêre terme, van die onderneming se toekomstige aktiwiteite. Dit is dus die beplanning en verloop van die onderneming se aktiwiteite, uitgedruk in monetêre terme, op \`n sekere toekomstige tydstip (Dempsey & Pieters, 1993:521).
- \`n Plan in kwantitatiewe terme uitgedruk – gewoonlik in geldterme vir \`n spesifieke tydperk, gewoonlik een jaar. \`n Plan vir die allokasie van uitgawes en hulpbronbenutting ten einde die skool se doelwitte te bereik (Bisschoff & Mestry, 2005:122).

Vir die doel van hierdie studie word *begroting* gedefinieer as \`n vooruitskatting of beplanning van spandeerbare inkomste en uitgawes vir \`n bepaalde tydperk, normaalweg een jaar.

## 1.3.3 Beheer

Die volgende definisies van beheer is ter sake:

- Beheer is bestuur, toesig en kontrole (Odendaal & Gouws, 2005:76).
- Die aksie of manier of wyse van bestuur (Kavanagh, 2006:498).

- Die proses van besluitneming en onderhoud van `n omgewing waarbinne individue saamwerk in groepe om voorafbepaalde doelwitte effektief te bereik (Koontz & Weihrich, 1988:4).
- `n Proses van aktiwiteite wat die nodige leiding gee aan `n onderneming se hulpbronne sodat die doelwitte produktief bereik kan word binne die omgewing waarbinne dit funksioneer (Smit & Cronje, 1992:6).

Vir die doel van hierdie studie word beheer verklaar as bestuur, toesig en kontrole van aktiwiteite om bepaalde doelwitte te bereik.

### 1.3.4 Bestuur

Die volgende definisies van bestuur is ter sake:

- Bestuur lei, beheer oor iets hê (Odendaal & Gouws, 2005:89).
- In beheer wees, raad gee (Kavanagh, 2006:705).
- Die proses van bepaling en bereiking van doelwitte van `n organisasie deur organisasie, rigtinggewing en kontrole (Kotter, 1990).
- Die metode om sisteme doeltreffend te laat funksioneer. Daar is vier strategiese faktore wat bestuurders gebruik vir effektiewe bedryf, naamlik beplanning, organisasie, kontrole en vooruitskatting  (Clarke, 2007:3).
- Bestuur is die proses van beplanning, organisasie, leiding en kontrole van die insette van die organisasie se lede en die gebruik van alle ander organisasiehulpbronne om die bepaalde doelwitte van die organisasie te bereik (Stoner & Wankel, 1986:4).

Vir die doel van die studie word bestuur gedefinieer as leidinggewing, beheer hê oor mense om gemeenskaplike doelwitte te bereik deur gebruik te maak van die bestuurfunksies beplanning, organisasie, leiding en kontrole om stelsels in plek te kry.

### 1.3.5 Desentralisasie

Die volgende definisie van desentralisasie is ter sake:

- In onderwysterme beteken desentralisasie die verskuiwing van gesag van `n sentraal−gebaseerde gesagstruktuur na `n laer vlak, soos byvoorbeeld `n skool (Marishane, 2003:1).
- Die neiging om besluitneminggesag in `n organisasie te versprei (Knootz & Weihrich, 1988:218).
- Verlening van groter magte aan onderafdelings (Odendaal & Gouws, 2005:153).

Vir die doel van hierdie studie word met Marishane se definisie volstaan.

### 1.3.6 Devolusie van gesag

Die Skolewet ken aansienlike magte aan die skoolbeheerliggaam toe. In die skoolbeheerliggaam word al die lede se talente saamgesnoer om die heel beste besluite in belang van die skool te neem. Die skoolhoof neem ‘n groter verantwoordelikheid op hom sodat sake in die skool doeltreffend bestuur kan word (Du Plessis, 2002:18).

Volgens die aanhef van die Skolewet het Suid-Afrika 'n behoefte aan 'n nuwe nasionale stelsel vir skole wat die onregte van die verlede in onderwysvoorsiening sal regstel, onderwys van progressief hoë gehalte aan alle leerders sal voorsien en op hierdie wyse 'n hegte fondament vir die ontwikkeling van al die land se mense se talente en bekwaamhede sal lê, die demokratiese transformasie van die gemeenskap sal bevorder, rassisme en seksisme en alle ander vorms van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid sal bekamp, tot die uitwissing van armoede sal lei en tot die ekonomiese welstand van die gemeenskap sal bydra.

Suid−Afrika se se verskeidenheid van kulture en tale sal beskerm en bevorder, die regte van alle leerders, ouers en opvoeders sal handhaaf, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van *skole* in vennootskap met die Staat sal bevorder (Suid−Afrikaanse Skolewet, 1984:1).

Die volgende omskrywing van die devolusie van gesag word aanvaar:
Ten einde die vennootskap tussen die Staat, die ouers en die skool moontlik te maak, was dit nodig dat die Staat, in hierdie geval die provinsiale onderwysowerhede, sekere besluitnemingbevoegdhede van `n hoër regeringvlak (onderwysdepartemente) na `n plaaslike regeringvlak (skoolbeheerliggaam) oordra of devoleer.

## 1.3.7 Effektief

Die volgende definisies van effektief is ter sake:

- Effektief beteken die gewenste effek hê, doeltreffendheid (Odendaal & Gouws, 2005:204).
- Verkryging van `n verwagte resultaat (Kavanagh, 2006:370).

Vir die doel van hierdie studie word met Odendaal se definisie volstaan.

## 1.3.8 Finansiële bestuur

Die volgende definisies van finansiële bestuur is ter sake:

- Finansiële bestuur beteken beplanning, rigtinggewing, monitering, organisasie en kontrole van geldmiddele van `n organisasie (Business Dictionary).

- "The performance of management actions connected with the financial aspects of schools, with the main aim of achieving effective education, and carried out by a person in a position of authority. It is a process of several activities: identification, measurement, accumulation, analysis, preparation, interpretation and communication of information" (Bisschoff & Mestry, 2005:3).
- Uitvoering van bestuuraksie rakende die finansiële aspekte van skole deur `n persoon in `n gesagsposisie met die einddoel om effektiewe onderwys te verseker (Niemann, 1996:372).
- Monitering van `n besigheid se finansiële posisie, wat die analise van die finansiële posisie, die bestuur van die bate en finansiële strukture insluit (Lovemore & Brummer, 2003:7).

Vir die doel van hierdie studie word finansiële bestuur gedefinieer as die prosesse van verskeie aktiwiteite soos identifisering, meting, analise, voorbereiding, interpretasie, bestuur en kommunikasie van finansiële inligting in `n organisasie.

### 1.3.9 Finansiële bestuurinstrument

Skoolbegrotings word saamgestel aan die hand van die visie en missie van die skool, en in die begroting word toewysings gemaak om sekere ideale van die skool te verwesenlik. Om dié rede is dit moontlik om die skoolbegroting by die skoolbeplanning in te pas sodat spesifieke doelwitte soos effektiewe onderrig en leer bereik kan word.

### 1.3.10 Finansiële skoolbestuur

Die volgende definisie van finansiële skoolbestuur is ter sake:

- Finansiële skoolbestuur is die proses om te verseker dat die skool se skoolbeheerliggaam en skoolbestuur deur beplanning, organisasie, delegering en kontrole van die fondse die skool se doelwitte te bereik (Bisschoff & Mestry, 2005:3).

Vir die doel van hierdie studie word daar volstaan met Bisschoff en Mestry se definisie.

### 1.3.11 Kontrole

Die volgende definisies van kontrole is ter sake:

- Kontrole is die werk wat `n bestuurder doen om die werk in proses sowel as die voltooide werk te assesseer en te reguleer (Allen, 1964:324).
- Dit is die meting en korrigering van aktiwiteite om te verseker dat planne omgeskakel word in gebeurtenisse (Knootz & Weihrich, 1988:17).
- Dit is die proses waardeur bestuurders verseker dat beplande aktiwiteite omgeskakel word in werklike aktiwiteite (Stoner & Wankel, 1986:574).
- Dit is die proses waardeur bestuurders verseker dat werklike aktiwiteite in ooreenstemming is met voorafbepaalde doelwitte en standaarde (Smit & Cronje, 1992:86).

Vir die doel van hierdie studie word *kontrole* gedefinieer as die meting en korrigering van werklike aktiwiteite in ooreenstemming met voorafbepaalde doelwitte en standaarde van die organisasie.

### 1.3.12 Kwintiel

Die gewigwaarde van die armoede-indeks vir die omgewing waarin die skool geleë is en die departementele oudit van skoolgeboue en infrastrukture bepaal elke skool se status op die kwintiellys (paragraaf 1.1). Die skole word gelys van die armste tot die welvarendste skole, waar kwintiel 5 die welvarendste skole is (Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing, artikel 35 van die Skolewet).

### 1.3.13 Onafhanklike skool

Die volgende definisies van onafhanklike skool is ter sake:

- `n Skool onafhanklik van staatsbeheer en wat ten volle befonds word deur die betaling van skoolgeld (Kavanagh, 2006:929).
- Onafhanklike skool is 'n skool wat geregistreer is, of geag word geregistreer te wees ingevolge artikel 46 (Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996).

Vir die doel van hierdie studie word `n onafhanklike skool gedefinieer as `n skool waar eie besluitneming binne `n raamwerk van wetgewing toegelaat word, slegs gedeeltelik deur die Staat befonds word met eie bepaling van die kurrikulum by die betrokke skool.

### 1.3.14 Openbare skool

Die volgende definisies *van openbare skool is* ter sake:

- `n Skool ondersteun deur openbare fondse (Kavanagh, 2006:944).
- Vir iedereen bestem, toeganklik vir die publiek (Odendaal & Gouws, 2005:822).
- Skool of 'n onafhanklike skool wat leerders in een of meer grade van graad A (Aanvang) tot graad 12 inskryf (Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996).

Vir die doel van hierdie studie word `n openbare skool gedefinieer as `n skool wat hoofsaaklik of uitsluitlik befonds word vanuit openbare fondse.

### 1.3.15 Pligte van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam

Die volgende definisies van pligte is ter sake:

- Pligte is om in beheer wees, die verantwoordelikheid om na iets om te sien (Alswang & Van Rensburg, 1995:731).
- Wat `n mens volgens jou gewete of volgens sedelike en wetlike voorskrifte moet doen (Odendaal & Gouws, 2005:873).
- Dit is `n taak wat vereis word deur `n persoon se werk (South African Oxford Dictionary, 2006:362).
- `n Verpligting op iemand om te gee, iets te doen of verantwoordelik te wees vir iets (Van Rooyen, 2008:6).

Vir die doel van hierdie studie word volstaan met Van Rooyen se definisie.

### 1.3.16 Regte

Die volgende definisie van regte is ter sake:

- Regte beteken dit waarop `n individu geregtig is, die vermoë om iets te eis (Van Rooyen, 2008:5).

Vir die doel van hierdie studie word *regte* gedefinieer as grondwetlike en morele regte en verpligtinge, om geregtig te wees op iets of die vermoë om iets te eis.

### 1.3.17 Regsaanspreeklikheid

Die volgende definisie van regsaanspreeklikheid is ter sake:

- Any legal responsibility, duty or obligation. The state of one who is bound in law and justice to do something which may be enforced by action. This liability may arise from contracts either expressed or implied or in consequence of torts committed (Lectric Law Library's Lexicon).

Vir die doel van hierdie studie word regsaanspreeklikheid soos volg verduidelik: Indien `n persoon `n misdryf pleeg of hom skuldig maak aan `n misdryf is hy aanspreeklik vir sy dade.

### 1.3.18 Sekondêre skool

Die volgende definisie van sekondêre skool is ter sake:

- A school that is intermediate in level between elementary school and college (Farlex Dictionary).
- 'n Openbare skool of 'n onafhanklike skool wat leerders in een of meer grade van graad 8 (Aanvang) tot graad 12 inskryf. (Skolewet)

Vir die doel van hierdie studie word `n sekondêre skool gedefinieer as `n sekondêre onderwysinrigting waar onderwys gegee word vir grade 8 tot 12 kragtens die Skolewet en wat as ‘n openbare skool funksioneer ooreenkomstig die betrokke wetgewing.

### 1.3.19 Selfbesturende skole

Vir die doel van hierdie studie word `n selfbesturende skool gedefinieer as `n openbare skool waar besluitnemingbevoegdhede rakende beheer en bestuur van die skool aan die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof oorgedra is. Raadpleeg paragraaf 4.3 vir `n volledige bespreking van hierdie begrip.

### 1.3.20 Skool

Die volgende definisies van skool is ter sake:

- `n Instelling vir onderrig van kinders (Kavanagh, 2006:1046).
- 'n Openbare skool of 'n onafhanklike skool wat leerders in een of meer grade van graad A (Aanvang) tot graad 12 inskryf (Suid-Afrikaanse Skolewet nr. 84 van 1996).

- Inrigting waar onderwys op primêre en sekondêre vlak gegee word (Odendaal & Gouws, 2005:1022).

Vir die doel van hierdie studie word met Kavanagh se definisie volstaan.

### 1.3.21 Skoolbestuurspan

Die volgende definisie van skoolbestuurspan is ter sake:

- `n Bestuurspan bestaande uit die skoolhoof, adjunkhoofde en departementhoofde, afhangende van die grootte van die skool. Hierdie span, gelei deur die skoolhoof, is verantwoordelik vir die dag tot dag organisasie en administrasie van skoolaktiwiteite (Marishane, 2003:16).

Vir die doel van hierdie studie word `n skoolbestuurspan gedefinieer as die skoolhoof, die adjunkhoofde en departementhoofde van `n betrokke skool wat verantwoordelik vir die professionele bestuur en administrasie van die betrokke skool is.

### 1.3.22 Skoolfonds

Die volgende definisies van skoolfonds is ter sake:

- Fonds vir besondere uitgawes van `n skool (Odendaal & Gouws, 2005:1022).
- Alle geld (ongeag of die bron uit openbare of privaatfondse kom) wat in die skool as regspersoon se bankrekening inbetaal word (Van Rooyen, 2008: persoonlike gesprek).

Vir die doel van hierdie studie word skoolfonds gedefinieer as alle geld wat `n skool ontvang en wat in die bepaalde skool se bankrekening gedeponeer word.

### 1.3.23 Skoolgeld

Hier word verwys na die skoolgeldbydrae deur ouers aan die openbare skool.

Bedrag deur ouers betaal vir die onderwys van hul kinders (Odendaal & Gouws, 2005:1022).

### 1.3.24 Skoolhoof

In wetgewing word daar na die skoolhoof verwys as `n ‘prinsipaal’; vir die doel van hierdie studie word daar na `n ‘prinsipaal’ as `n skoolhoof verwys.

- Die belangrikste of senior persoon in die organisasie (Kavanagh, 2006:927).
- Skoolhoof; 'n opvoeder wat as hoof van 'n skool aangestel is of waarneem (Suid-Afrikaanse Skolewet nr. 84 van 1996).

Vir die doel van hierdie studie volstaan ek met die Skolewet se definisie.

### 1.3.25 Verantwoordelikheid

Die volgende definisies van verantwoordelikheid is ter sake:

- Toestand, instelling van verantwoordelik te wees, verpligting om rekenskap te gee (Odendaal & Gouws, 2005:1263).
- Plig om toegekende take uit te voer na die beste van jou vermoë (Bisschoff & Mestry, 2005:189).
- Dit is die geleentheid om onafhanklik op te tree en sonder magtiging besluite te kan neem (South African Oxford Dictionary, 2006:996).

Vir die doel van hierdie studie word verantwoordelikheid gedefinieer as rekenskap gee van die uitkoms van iemand se aksies aan `n ander persoon of party of hoër gesag.

## 1.4 Navorsingvraag

Hoe word skoolbegrotings as finansiële instrumente gebruik om effektiewe onderrig en leer in openbare skole te bevorder? Die vraag impliseer dat skoolbegrotings nie een-dimensioneel geïntepreteer kan word nie en sake soos prioriteitstelling, beskikbare inkomste, persentasietoewysings van spandeerbare inkomste, effektiewe bestuur en onvoorsiene gebeure aansluitend tot die navorsingvraag geïnterpreteer moet word.

Ter verduideliking word die finansiële bestuurinstrument in paragraaf 1.3.9 bespreek.

## 1.5 Sub−navorsingvrae

Die probleemstelling van die navorsing wentel om die volgende vrae:

1.5.1 Watter prioriteite word deur finansiële komitees gebruik met die opstel van ‘n begroting?

1.5.2 Watter faktore beïnvloed die toewysings van uitgawes in ‘n begroting?

1.5.3 Word die grootste gedeelte van die begroting toegewys aan onderrig en leer?

1.5.4 Watter faktore beïnvloed die beheer en bestuur van skoolfinansies vanuit ‘n bestuurraamwerk?

1.5.5 Watter faktore speel ‘n rol in die hantering van finansiële krisisse?

1.5.6 Wat is die taak van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam in die bestuur van die skool?

Die volgende sub-navorsingvrae 1.5.4 en 1.5.6 is in die literatuurstudie (hoofstuk 3 en 4) en sub-navorsingvrae 1.5.1 - 1.5.3 en 1.5.5 en 1.5.7 is in die empiriese ondersoek hanteer.

## 1.6 Doel van die navorsing

Die doel van die navorsing kan soos volg geformuleer word:

1.6.1 Om die vertrekpunte waarbinne skoolfinansies bestuur en beheer word, te beskryf.

1.6.2 Om die bestuurfunksies wat noodsaaklik is vir die effektiewe beheer en bestuur van skoolfinansies kortliks te omskryf.

1.6.3 Om aan die hand van vraelyste te bepaal of die begroting onderrig en leer in openbare skole verseker.

1.6.4 Om te bepaal wat die prioriteite vir die opstel van ‘n begroting is.

1.6.5 Om te bepaal hoe begrotinguitgawes in ‘n begroting bepaal word.

1.6.6 Om te bepaal of finansiële beleid in skole toegepas word in die beheer van die begroting.

1.6.7 Om te bepaal hoe finansiële krisisse in skole hanteer word.

1.6.8 Om te bepaal wat die taak van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam is in die bestuur van die skool.

## 1.7 Die bydrae van die studie

Dit is te vroeg by die aanvang van die studie te sê wat die bydrae daarvan is. Indien bogenoemde doelwitte met die studie bereik word, hou dit die volgende moontlikhede in:

1.7.1 Faktore wat die beheer en bestuur van die finansiële begroting in openbare skole beïnvloed, sal geïdentifiseer word.

1.7.2 `n Bydrae tot die literatuur oor die bestuur en beheer van die begroting in openbare skole.

1.7.3 Die omskrywing van die rol en verantwoordelikhede van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam.

1.7.4 Hulp aan die skoolbeheerliggaam met die kontrole van die begroting.

1.7.5 Hulp aan skole met die hantering van finansiële krisisse.

1.7.6 Hulp aan die skoolbeheerliggaam met prioriteite vir die die opstel van begrotings.

1.7.7 Die taak van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam uit te spel ten opsigte van die bestuur van die skool.

## 1.8 Kriteria vir insluiting in die steekproef

Die volgende kriteria is toegepas:

1.8.1 Dat die 90 vraelyste versprei word na skole wat dieselfde bestuurstrukture het. (Artikel 21 skole)

1.8.2 Die skole is almal kwintiel 4 en 5 openbare skole in Gauteng.

1.8.3 Die skole het `n begroting van meer as R3 miljoen per jaar.

1.8.4 Personeel in diens van die Onderwysdepartement word deur die Onderwysdepartement vergoed en die skole het personeel in diens van die skoolbeheerliggaam.

1.8.5 Die skole ontvang finansiële bystand van die Onderwysdepartement vir onderrig−leermateriaal (Learning and Teaching Support Material), ook genoem LTSM.

1.8.6 Dat die skole wat in die steekproef opgeneem word, `n slaagsyfer van 80% of meer in die nasionale eindeksamen (graad12) aangeteken het.

Die rasionaal van die steekproef word meer breedvoering verklaar in par. 2.2.2

## 1.9 Navorsingverloop

In die voorafgaande paragrawe het die navorser aandag aan die rasionaal vir en die aktualiteit van die studie, die navorsingprobleem en die doelstellings van die studie gegee. ‘n Volledige verklaring van die sleutelbegrippe, navorsingvraag, sub-navorsingsvrae, doel van die studie, die bydrae wat hierdie studie kan lewer en aannames wat in hierdie studie gebruik is, is gegee.

In Hoofstuk 2 word die konseptuele raamwerk wat in hierdie studie gebruik is, omskryf. Dit sluit begrippe soos regsraamwerk, finansiële bestuur, aanspreeklikheid en bestuur in. Die metodologie van toepassing op hierdie studie word bespreek.

Hoofstuk 3 word gewy aan literatuurstudie. Hier word finansiële bestuur vanuit `n algemene bestuurperspektief bespreek en daar word onder meer gekyk na aspekte soos die bestuur van finansies, beplanning en begrotings, organisering en hantering van personeel, kontrole, probleemoplossing en leidinggewing, selfbestuur van Suid-Afrikaanse skole asook die finansieringbronne vir openbare skole.

Hoofstuk 4 word gewy aan literatuurstudie. Hier is aandag geskenk aan die teorie van finansies en begrotings. Die pligte en take van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam in openbare skole word in oënskou geneem; dit sluit algemene en finansiële pligte, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid in. Daar word na regspraak in die Suid-Afrikaanse gevallereg en ander verwante wetgewing verwys wat relevant vir hierdie navorsingsprojek is. Deeglike kennis van hierdie begrippe is onontbeerlik om die beheer en bestuur van die begroting en finansies in openbare skole te beredeneer.

Hoofstuk 5 word gewy aan ‘n empiriese ondersoek. Hierdie empiriese ondersoek behels die volgende: `n Posvraelys is aan 90 sekondêre skole in Gauteng uitgestuur waarna die response statisties verwerk is. Hieruit is gepoog om `n finansiële bestuurinstrument daar te stel.

In Hoofstuk 6 word die navorsing afgesluit met ‘n samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings. Hier word die voorafgaande betoë geïntegreer om die navorser in staat te stel om bepaalde bevindinge en aanbevelings te maak.